# 'N POLITIESE, ORGANISATORIESE EN ADMINISTRATIEWE RAAMWERK VIR 'N PROVINSIALE FASILITERINGSDIENS MET BESONDERE VERWYSING NA DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE REGERING[1]

**Deon Swart[2]**

*The establishment of a political dispensation in South Africa which is characterised by federal criteria has shifted the emphasis with respect to intergovernment relations to such an extent that more and more emphasis will have to be placed on the management of conflict. The potential for conflict on all levels in South Africa demands that mechanisms are put in place wherever such situations might arise. The management of conflict landmarks a new terrain for which there was no need in the past, and therefore an incisive analysis into conflict management has to be embarked upon. This goes hand in hand with the establishment of a facilitating service which can make an enormous contribution towards the resolution of conflict on provincial, subregional as well as local government level.*

## 1. INLEIDING

Sedert die totstandkoming van die nuwe staatkundige bedeling in Suid-Afrika word spesifieke klem op die provinsiale bedeling geplaas. Die konflik wat hierdeur meegebring word, verg 'n nuwe tipe regeringstyl om die regeer- en administratiewe prosesse suksesvol te kan hanteer. Aangesien die Wes-Kaap een van die mees prominente provinsies is, word daar in besonder na hierdie provinsie verwys.

Die nuwe regeringstyl moet gebaseer word op die volgende beginsels ten einde konflik suksesvol te kan oplos:

- medebeplanning aan regeer- en administratiewe prosesse;
- medeprobleemdiagnose;
- mede-oplossingsontginning;
- medeproseskommunikasie;

1 Opvolgartikel: 'n Provinsiale fasiliteringsdiens, **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 22(1) 1997.

2 Provinsiale Administrasie, Noord-Kaap.

- mede-implementering en voortdurende konsultasie in die proses van gesamentlike besluitneming van die party betrokke by die konflik.

Dit behels onder meer die volgende:

- die transformering van konflikterende verhoudinge;
- die kweek van weersydse begrip tussen konflikterende partye op alle vlakke in die Wes-Kaap Provinsie, en
- die prosesmatige opbou van 'n gesonde werkverhouding op die
  - wetgewende,
  - uitvoerende, en
  - administratiewe vlakke in die Wes-Kaap.

Dit word dus as noodsaaklik beskou dat 'n provinsiale konflikmeganisme tot stand sal kom, om as 'n konflikresolusiediens te funksioneer.

## 2. AGTERGROND

'n Nuwe ingesteldheid ten opsigte van die regeer- en administratiewe funksie van die Wes-Kaap, gebaseer op 'n wen-wen verhouding, waartydens deurgaans gepoog word om besluite in belang van die provinsie te neem, wat uiteindelik 'n bydrae sal lewer tot politieke, sosiale, ekonomiese en maatskaplike sekuriteit, kan op die langtermyn daartoe bydra dat die Wes-Kaap Provinsie 'n toonaangewende rol in Suid-Afrika se geskiedenis kan speel.

Die skepping van 'n konflikmeganisme, soos voorgestel, sal indringend en opnuut moet kyk na konflikhantering en -oplossing en 'n geweldige verantwoordelikheid op die skouers van politieke ampsbekleërs en die amptenary plaas.

Die provinsie van die Wes-Kaap word gekenmerk deur 'n plurale samelewing bestaande uit 'n multikulturele en bevolkingsverskeidenheid wat die potensiaal vir konflik drasties kan vermeerder. Die provinsie sal voortdurend moet bou aan 'n vreedsame politieke kultuur en demokrasie vir die vestiging van 'n stabiele en vooruitstrewende provinsiale bedeling.

## 3. DOELSTELLINGS VAN DIE PROVINSIALE FASILITERINGSDIENS

Dit is noodsaaklik dat die Wes-Kaapse fasiliteringsdiens duidelike doel-

stellings ten opsigte van sy funksionering daar sal stel. Die doelstellings sal universeel vir die volgende vlakke van die provinsiale bedeling moet geld:

- die provinsiale wetgewer;
- die provinsiale administrasie;
- die streeksrade, en
- munisipaliteite.

Die doelstellings is om:

- die wetgewende, uitvoerende en administratiewe vlakke van regering op provinsiale, streekraads- en munisipale vlak met advies te bedien oor konflikresolusie;
- betrokke te raak by wetgewing/regulasies wat aanleiding kan gee tot konflik;
- betrokke te raak by politieke konflik;
- betrokke te raak by gemeenskaps- en interkulturele konflik;
- diskriminasie teë te werk;
- rasseverhoudinge te bevorder;
- interne administratiewe konflik op te los;
- behulpsaam te wees met die implementering van besluite;
- konflik te voorspel en betyds voorkomende stappe te neem;
- respek vir verskeidenheid te bevorder;
- 'n demokratiese kultuur te vestig;
- 'n menseregtekultuur te vestig;
- 'n klimaat van onderhandeling deur opvoedingsprogramme te vestig;
- behulpsaam te wees met onderhandelinge tussen die Wes-Kaapse en ander provinsiale regerings;
- behulpsaam te wees met onderhandelinge op provinsiale interowerheidsvlak;
- betrokke te wees by onderhandelinge tussen die burgerlike samelewing en alle vlakke van regering;
- 'n onderhandelingstrategie te onwikkel, en
- 'n interne organisatoriese konflikresolusie-strategie te vestig.

## 4. BELEIDSLIGGAAM

'n Beleidsliggaam bestaande uit 'n onafhanklike paneel van professionele akademici moet op die been gebring word wat behulpsaam sal wees met die

neerlê van 'n beleidsraamwerk waarbinne die diens kan funksioneer. Die paneel sal deurentyd die fasiliteringsdiens en sy personeel evalueer en monitor.

## 5. HOOFKANTOOR VAN DIE FASILITERINGSDIENS

Die organisatoriese struktuur van die fasiliteringsdiens sal 'n gedesentraliseerde netwerk van kantore wees, geleë in die provinsiale grondgebied. Elke munisipale en streekraadsgrens sal 'n belangrike en integrale deel daarvan wees.

Vir die funksionele verspreiding van kantore word die volgende voorgestel:

Die provinsiale administrasie te Kaapstad sal as die hoofkantoor van die provinsiale fasiliteringsdiens dien.

Hierdie hoofkantoor sal as fasiliteerder van alle werksaamhede van die diens optree.

Die subhoofkantore sal ingedeel word volgens die beplanningstreke van die streekrade en alle munisipaliteite sal onder die bepaalde streekraad resorteer. **Vir 'n skematiese voorstelling van die verspreiding van streekraad- en munisipale kantore, vgl. bylae A.**

Die streekrade is onder meer die volgende:

| **Distriksraad** | | **Setel** |
|---|---|---|
| ▪ Kaapse Metropool | - | Kaapstad |
| ▪ Overberg | - | Bredasdorp |
| ▪ Suid-Kaap | - | George |
| ▪ Klein-Karoo | - | Oudtshoorn |
| ▪ Sentrale Karoo | - | Beaufort-Wes |
| ▪ Breërivier | - | Worcester |
| ▪ Wynland | - | Stellenbosch |
| ▪ Weskus | - | Moorreesburg |

In wese sal die streekraadshoofkantore, soos die sentrale hoofkantoor te Kaapstad, optree as "mini"-hoofkantoor in die streekraadsgebied. Koördinering van die streek word as 'n belangrike deel van die streekraadskantore beskou. **Vir 'n skematiese voorstelling van die Wes-Kaapse provinsiale kaart met streekraadsgrense en subhoofkantore, vgl. bylae B.**

Aangesien die kantoor van die Direkteur-generaal van die Wes-Kaap beskou word as die hart van die provinsiale administrasie, sal die fasiliteringsdiens funksioneel en dissiplinêr onder die Direkteur-generaal resorteer. Dieselfde sal geld by die streekrade en munisipale regerings waar die hoof-uitvoerende beamptes betrokke sal wees. **Vir 'n skematiese voorstelling van die fasiliteringsdienshoofkantoor, vgl. bylae C.**

## 5.1 Komponente van die hoofkantoor

Vir die vestiging van 'n suksesvolle fasiliteringsdiens is 'n hoofkantoor noodsaaklik.

Die fasiliteringsdiens sal beskik oor 'n hoof onder wie se toesig die werksaamhede sal resorteer. Die diens sal uit die volgende komponente bestaan:

- konflikresolusie,
- ondersteuning, en
- koördinering.

### 5.1.1 Konflikresolusiekomponent

Die konflikresolusiekomponent sal uit die volgende afdelings bestaan:

- panele,
- personeelontwikkeling, en 'n
- kabinetskonflikresolusiekomitee.

### 5.1.2 Panele

Die konflikresolusiekomponent sal bestaan uit panele fasiliteerders/bemiddelaars wat in onderhandelinge op alle vlakke van die provinsie se werksaamhede sal spesialiseer.

Hoewel onderhandelaars spesiaal opgelei word vir die doel, word dit as noodsaaklik beskou dat hulle oor vakkundige kennis sal beskik. Panele moet uit individue uit 'n multikulturele agtergrond bestaan, wat verteenwoordigend sal wees van tale wat in die Wes-Kaap aangetref word.

### 5.1.3 Personeelontwikkeling

Die afdeling personeelontwikkeling sal verantwoordelik wees vir die loods van programme om personeel in diens van die fasiliteringsdiens en alle amptenary op provinsiale, streeks- en munisipale vlak op te lei in die kultuur van onderhandeling, bemiddeling en fasilitering.

'n Verdere dimensie van hierdie komponent sal die aanbieding van kursusse en seminare vir die burgerlike samelewing wees, ten einde die idee te vestig dat konflik op 'n vreedsame wyse opgelos kan word. Sodanige opleiding kan op 'n wye vlak aangebied word, naamlik:

- in universiteite;
- in technikons;
- in skole;
- op landbougebied;
- in besigheidsinstellings, en
- op gemeenskapsvlak.

### 5.1.4 Kabinetskonflikresolusiekomitee

Wetgewing wat hoofsaaklik op kabinetsvlak geïnisieer word, gee dikwels aanleiding tot konflik op wetgewende, uitvoerende en administratiewe gebied. Die kabinetskonflikresolusiekomitee sal ten doel hê om die Premier en kabinet van advies te bedien rakende konflik, konflikresolusie en konflikbestuur. **Vir 'n skematiese voorstelling van die kabinetskonflikresolusiekomitee vgl. bylae D.**

## 5.2 Ondersteuningskomponent

Hierdie afdeling sal poog om die fasiliteringsdiens as geheel administratief en andersins te ondersteun. Dit sal uit die volgende onderafdelings bestaan:

- navorsing,
- publikasies,
- uitstallings,
- oudiovisuele dienste, en
- openbare betrekkinge.

### 5.2.1 Navorsing

'n Navorsingsentrum sal die diens behulpsaam wees in sy dag-tot-dag-taak. Die navorsingsentrum sal komponente en afdelings kan bystaan, waaronder byvoorbeeld die ontwikkeling van opleidingsmateriaal.

Aangesien relevante inligting van wesenlike belang vir die diens sal wees, sal een van die take van die navorsingafdeling die opbou wees van 'n databasis vir die provinsie en veral ook data per streekraads- en munisipale vlakke.

In dié verband sal die navorsingsentrum byvoorbeeld taal en etniese verspreiding, bevolkingskonsentrasie, armoede en vlakke van ontwikkeling in gedagte moet hou.

### 5.2.2 Publikasies

Hierdie afdeling sal in samewerking met ander komponente en staatsinstellings publikasies voorberei ter bevordering van onder meer:

- 'n menseregtekultuur;
- 'n demokratiese kultuur, en
- rasseharmonie.

### 5.3.3 Uitstallings

Die afdeling uitstallings sal behulpsaam wees met die beplanning en ontwerp van uitstallings in die provinsie wat betref die bevordering van die fasiliteringsdiens se werksaamhede en die bevordering van 'n menseregte- en demokratiese kultuur en rasseharmonie. Die skep van 'n klimaat ten einde konflik op te los en begrip vir verskeidenheid te bevorder, sal as hoofdoel dien.

### 5.2.4 Oudiovisuele dienste

In samewerking met die afdeling uitstallings sal die afdeling oudiovisuele dienste 'n verdere bydrae tot die fasiliteringsdiens lewer deur middel van foto's, video's, films en kuns.

### 5.3 Koördineringskomponent

Die koördineringskomponent sal uit die volgende afdelings bestaan:

- projekbestuur en beplanning;
- streekkoördinering, en
- konflikmonitering/veldwerkers.

#### 5.3.1 Projekbestuur en beplanning

Beplanners en projekbestuurders sal verantwoordelik wees vir die totale bestuur, koördinering en evaluering van die verskillende projekte van die fasiliteringsdiens. Dit kan onder meer die volgende behels:

- dienslewering;
- leiding in die formulering van strategie;
- beplanning, uitvoering, koördinering, monitering en evaluering van projekte;
- finansiële kontrole oor projekte;
- identifisering van probleemareas, en
- die stel van doelwitte.

#### 5.3.2 Streekkoördinering

Dit is noodsaaklik dat daar individue sal wees wat hulle spesifiek sal besig hou met die monitering van konflik. Dié afdeling sal hulle daarop toespits om konflik te antisipeer en sodanige voorspellings betyds aan die direktoraat konflikresolusie vir vroegtydige optrede te gee.

#### 5.3.3 Konflikmonitering/veldwerkers

'n Span konflikmoniteerders/veldwerkers se uitsluitlike doel sal wees om as "waghond" op te tree oor die ontstaan van konflik en die eskalering daarvan. Personeel van hierdie afdeling sal in die provinsie as veldwerkers rondbeweeg om sodanig konflik op grondvlak te antisipeer en betyds deur die kanale te stuur vir optrede.

# 6. 'N FASILITERINGSDIENS OP STREEKRAADSVLAK

## 6.1 Streekraad-subhoofkantoor

Die doel van die streekraad-subhoofkantoor sal hoofsaaklik dié wees van koördineerder en fasiliteerder van die munisipaliteite wat onder die streekraadsgebied resorteer.

### 6.1.1 Streekraad

Die streekraad sal in samewerking met die beleidsliggaam en die hoofkantoor beleid en riglyne neerlê vir die fasiliteringsdiens op streekraads- en munisipale vlak. **Vir 'n skematiese voorstelling van die fasiliteringsdiens op streekraadsvlak vgl. bylae E.**

### 6.1.2 Hoof uitvoerende beampte

Soos in die geval van die fasiliteringshoofkantoor sal die fasiliteringsdiens op streekraadsvlak ook beskik oor 'n hoof vir die diens en sal die fasiliteringsdiens in sy geheel dissiplinêr onder die hoof uitvoerende beampte resorteer. Die hoof van die diens op streekvlak sal aan die hoof uitvoerende beampte rapporteer.

### 6.1.3 Streekraadsfasiliteringsdiens

Die streekraadsfasiliteringsdiens sal ondersteuning vanaf die hoofkantoor te Kaapstad ontvang. Die volgende afdelings is van belang:

- projekbestuur en beplanning;
- streekkoördinering;
- konflikmonitering/veldwerkers;
- konflikpanele, en
- streekraadskonflikresolusiekomitee.

Die hoofkantoor te Kaapstad sal in samewerking met die streekraadskantoor ondersteuning verskaf betreffende die volgende:

- personeelontwikkeling;
- navorsing;

- publikasies;
- uitstallings, en
- oudiovisuele dienste.

### 6.1.4 Streekraadskonflikresolusiekomitee

Soos in die geval van die kabinetskonflikresolusiekomitee sal die streekraadskonflikresolusiekomitee die voorsitter en raad van die streekraad met advies bedien rakende konflik, konflikresolusie en konflikbestuur. **Vir 'n skematiese voorstelling van die streekraadskonflikresolusiekomitee, vgl. bylae F.**

### 6.1.5 Doelstellings van die streekraadskantore se fasiliteringsdiens

Die volgende doelstellings sal nagestreef word:

- koördinering en fasilitering van die streek se munisipaliteite;
- betrokkenheid by streekraadsbesluite wat aanleiding kan gee tot konflik;
- betrokkenheid by politieke konflik;
- betrokkenheid by gemeenskaps- en interkulturele konflik;
- teëwerking van diskriminasie;
- bevordering van rasseverhoudinge;
- hulpverskaffing met die implementering van besluite;
- konflik-antisipering;
- vestiging van 'n demokratiese kultuur;
- vestiging van 'n klimaat van onderhandeling deur opvoedingsprogramme;
- hulpverlening met onderhandelinge in die streekraadsdistrik;
- hulpverskaffing by onderhandelinge tussen die burgerlike samelewing en die streekraad en munisipaliteite;
- ontwikkeling van 'n onderhandelingstrategie, en
- ontwikkeling van 'n interne organisatoriese konflikresolusiestrategie.

## 7. FASILITERINGSDIENS OP MUNISIPALE VLAK

Die doel van die fasiliteringsdiens wat op kleinskaal binne elke munisipaliteit in die streekraadsgebied gevestig sal wees, sal hoofsaaklik wees om 'n fasiliteringsdiens vir die munisipale gebied te wees. **Vir 'n skematiese voorstelling van die fasiliteringsdiens op munisipale vlak, vgl. bylae G.**

### 7.1 Hoof uitvoerende beampte (stadsklerk)

Soos in die geval van die hoofkantoor en streekraadskantore sal die fasiliteringsdiens beskik oor 'n hoof wat aan die hoof uitvoerende beampte sal rapporteer.

#### 7.1.1 Munisipale fasiliteringsdiens

Die munisipale konflikresolusiediens sal ondersteuning van die streekraad waaronder die munisipaliteit resorteer, ontvang.

Soos in die geval van die hoofkantoor en streekraadskantoor is die volgende afdelings ook van belang:

- projekbestuur en beplanning;
- streekkoördinering;
- konflikmonitering/veldwerkers;
- konflikpanele, en
- munisipale konflikresolusiekomitee.

Bogenoemde afdelings sal hulle toespits op dieselfde werksaamhede as die hoofkantoor en streekraadskantore. **Vir 'n skematiese voorstelling van dié munisipale konflikresolusiekomitee vgl. bylae H.**

#### 7.1.2 Doelstellings van die munisipale fasiliteringsdiens

Die doelstellings op munisipale vlak sal as volg wees:

- koördinering en fasilitering van munisipale werksaamhede;
- betrokkenheid by munisipale raadsbesluite wat aanleiding kan gee tot konflik;
- betrokkenheid by politieke konflik;
- betrokkenheid by gemeenskaps- en interkulturele konflik;
- teëwerking van diskriminasie;
- bevordering van rasseverhoudinge;
- hulpverlening met die implementering van besluite;
- konflik-antisipering;
- vestiging van 'n demokratiese kultuur;

- vestiging van 'n klimaat van onderhandeling deur opvoedingsprogramme;
- hulpverlening met onderhandelinge in die munisipale distrik, en
- hulpverlening met onderhandelinge tussen die burgerlike samelewing en die munisipaliteit. **Vir 'n skematiese voorstelling van die totale fasiliteringsdiens op provinsiale vlak, streekraads- en munisipale vlak, vgl. bylae I.**

## 8. SLOTBESKOUING

Die provinsie van die Wes-Kaap met sy multikulturele samestelling word algemeen beskou as die provinsie met die mees geskikte potensiaal om 'n suksesvolle entiteit in die Suid-Afrikaanse staatkundige bestel te kan wees.

Die Wes-Kaap sal in die toekoms toenemende konflik ervaar vanweë die groeiende getal inwoners teenoor steeds skaarserwordende bronne.

Indien die Wes-Kaap deur 'n proses van konflikresolusie en die suksesvolle bestuur van konflik 'n meer stabiele samelewing kan skep, sal dit aanleiding kan gee tot effektiewe en doeltreffende

- regerings-,
- uitvoerings-, en
- administratiewe prosesse.

Wat nog belangriker is, is dat daar geen twyfel bestaan nie dat 'n klimaat van politieke en administratiewe stabiliteit deur maatskappye en die internasionale wêreld as gunstig vir beleggings ervaar sal word.

## BIBLIOGRAFIE


- Burton JW 1984. **Global conflict. The domestic sources of international crisis**. Maryland: Wheatheaf books.

- Burton JW 1987. **Resolving deep-rooted conflict. A handbook.** Virginia: George Mason University Press.

- Curle A 1986. **In the middle. Non-official mediation in violent situations.** New York: St. Martin's Press.

- Dekker LCGD 1981. **The mediation service in the South African context.** Johannesburg: University of Witwatersrand (Graduate School for Business Administration).

- Grundling OJ & Joubert FJ 1991(a). Konflik: 'n Teoretiese en strategiese perspektief. **Konflikresolusiedienste Joernaal** 1(1).

- Heald A et. al. 1975. **Negotiating, development planning and the resolution of deep-rooted conflict: A modus operandi in South Africa.** Stellenbosch: University of Stellenbosch Business School.

- Swart D 1995. **Onderhandelings as tegniek van konflikresolusie met besondere verwysing na die fasiliteringsrol.** M.A.-verhandeling, UOVS.

- Swart D 1997. 'n Provinsiale fasiliteringsdiens. **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** Jaargang 22(1).


- Swart D 1996. **'n Konflikresolusiesentrum vir die Wes-Kaap.** (Ongepubliseerde dokument.)

- Van der Merwe HW 1988. **Mediator's assertiveness.** Paper presented at the Second National Conference on Negotiation and Mediation in Community and Political Conflict. Durban, 6 July.

- Van der Merwe HW 1990. Die behoefte aan fasiliterings- en bemiddelingsdienste in konflik in Suid-Afrika. **Acta Academica,** 22(2).

WES-KAAP FASILITERINGSDIENS

HOOFKANTOOR, STREEKRAADKANTORE, MUNISIPALE KANTORE





BYLAE A

# PROVINSIE WES-KAAP
## Distriksrade



## WES-KAAP FASILITERINGSDIENS
## HOOFKANTOOR





TAAK

Die Hoofkantoor lewer 'n ondersteuningsdiens aan die Streekrade en Munisipaliteite.

BYLAE D

WES-KAAP FASILITERINGSDIENS

KABINETSKONFLIKRESOLUSIE KOMITEE





TAAK

Die lewering van advies rakende konflikresolusie.

WES-KAAP FASILITERINGSDIENS

STREEKRAADVLAK




TAAK


Die Streekraad lewer 'n ondersteuningsdiens aan die Munisipale kantore.

BYLAE E

BYLAE F

## WES-KAAP FASILITERINGSDIENS

## STREEKRAAD KONFLIKRESOLUSIE KOMITEE





<u>TAAK</u>

Die lewering van advies rakende konflikresolusie.

## WES-KAAP FASILITERINGSDIENS

## – MUNISIPALE VLAK




BYLAE H

WES-KAAP FASILITERINGSDIENS

MUNISIPALE RAAD

KONFLIKRESOLUSIE KOMITEE




<u>TAAK</u>

Die lewering van advies rakende konflikresolusie.

BYLAE I

WES-KAAP FASILITERINGSDIENS OP PROVINSIALE, STREEKRAAD EN MUNISIPALE VLAKKE

